
# EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERKBLAD





Amptelike Kerkblad van Die Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika
Digitale Uitgawe 2020 • #D001


EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERK
SO SÊ DIE HERE

## GRATIS DIGITALE UITGAWE

# ... van die Redakteur

Geagte Kerkbladleser

In die tyd waarin ons onsself bevind deur die inperking en sosiale afstand het die redaksie dit goed gedink om 'n digitale uitgawe van die Kerkblad daar te stel.

Die digitale uitgawe vervang nie die oorspronklike gedrukte uitgawes nie, normale intekenaars sal steeds die gedrukte uitgawes ontvang wanneer die inperking op gehef word. Graag wil ons u elkeen goeie leesstof gee terwyl u meer tyd beskikbaar het om te lees. Ons is almal seer bewus van die effek wat die Koronavirus-inperkingstyd op ons almal het en met die verlening van die tydperk het die redaksie besef dat baie van ons lesers steeds nie die Maart/April uitgawe ontvang het nie en ook dat die Mei/Junie uitgawe moontlik later by u sal uitkom.

Die digitale uitgawe bevat artikels en kerknuus wat in die Maart/April en Mei/Junie uitgawes gaan wees. Die Kerkblad het kopiereg op, en u word vriendelike versoek om nie artikels te druk nie, maar u kan die redaksie nader om vir u te help indien u so 'n artikel wil bekom. Ons gee wel toestemming dat u die uitgawe kan versprei deur WhatsApp, Facebook en watter vorm van sosiale media u dit graag wil versprei. Ons wil terselfdertyd u mening hoor, oor hoe om in die toekoms so 'n digitale uitgawe beskikbaar te stel.

**Ds Wim Smith**
**Redakteur**


**Redaksie**
Di. Wim Smith en Herman Kriel,
Oudle. Willie Stieger en Riaan Britz

**Stuur asseblief materiaal vir plasing aan:**
Die Redakteur
Posbus 162
Somerset-Wes, 7129
Epos: dswimsmith@gmail.com
Sel: 082 550 3623

Die Redaksie ontvang graag artikels, getuienisse van die Here se handelinge in iemand se lewe, kerk/gemeentenuus van algemene aard (tersaaklike foto's is baie welkom) en bydraes, vir plasing in die Blad. Die redaksie behou die reg voor vir plasing van die bydraes. Gepubliseerde bydraes reflekteer nie noodwendig die mening van óf die Kerk óf die Redaksie nie.



**Kopiereg © EGKSA Alle regte streng voorbehou**



**Voorbladfoto:** Samestelling van verskeie 'Leë Strate' oor die wêreld
**Drukkers:** Bowles Drukkers - Oudtshoorn





**Digitale Uitgawe 2020**
**Uitgawe #D001**


# INHOUD


3 **Covid-19**

4 **Worcester Gemeente ontvang nuwe leraarspaar**
**Jeffreysbaai Gemeente ontvang nuwe leraarspaar**

5 **Strand Gemeente ontvang nuwe leraarspaar**

6 **Boksburg Gemeente ontvang nuwe leraarspaar**

7 **Middelburg Gemeente is 50**

8 **Die Heilige Gees, ons vriend**

9 **God het gegee**

10 **Jesus Christus se ewige bestaan**

11 **Is Emigrasie die antwoord?!**

12 **Gemeentes en kontakbesonderhede**

14 **Vroueblad:** Hoe om jou huwelik te beskerm teen virusse

15 **Die Woord van God en ons harte**

16 **Aangename Kennis:** Ds. James Leyden

17 **Paasfees meer as net 'n tydjie van rus**

18 **Silwerjeug Badplaas Toer 2020**

20 **Kweekskool - 75 Jaar Herdenking**



**Intekening en betaling**
Intekengeld beloop tans R100 per jaar.

Gemeentelike intekenare moet asseblief hul intekengeld direk by hul kerkraad inbetaal. Die kerkraad is verantwoordelik om die blad aan die gemeentelike intekenare te lewer.

Nie-lidmate moet asseblief intekengeld inbetaal by die administratiewe beampte, ds. Herman Kriel. Rekeningbesonderhede as volg:

Bank: **FNB**
Takkode: **250054**
Rek. no.: **5244 363 2023**
Verwysing: **KB-Naam en Van**

Bewys van betaling kan gestuur word aan: egkskas@mweb.co.za





Die wêreld is onverwags getref deur 'n Virus wat die lewe van baie mense bedreig. Maar min mense besef dat hulle met 'n dodelike virus besmet is van die dag dat hulle gebore is. Dit is die virus van sonde, want ons almal word in sonde gebore. Die huidige COVID-19 Virus Pandemie het veroorsaak dat ons fone oorstroom word met allerhande geestelike, maar ook baie misleidende en ongeestelike boodskappe. Dit klink geloofwaardig en of mens hierdie nuwe kennis wat ontdek is nou moet aanvaar en met die wêreld moet deel… ! Dit veroorsaak dan ook dat ons ongeestelik of onseker voel, sommige twyfel oor hul redding, of dit verwar ander net heeltemal. Wat sê die Bybel hieroor…? Gal 2:20 laat 'n paar vra agter waaroor ons moet oordink en bepeins.

· Is jy met Christus gekruisig?
· Leef Christus in jou?
· Leef jy deur die geloof in Jesus Christus dat as Hy sal kom, Hy jou sal kom haal soos wat 1 Thess 4:13-18 vir ons beskryf?
· Is 2 Kor. 5:17 (Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword) waar van jou lewe?
· Het jy al hierdie gedeeltes in die skrif gaan lees en jou eie gemaak?

Die boodskappe wat die rondte doen toets of jou lewe op Christus as fondament gebou is. Dit toets of jy weergebore is of nie. Dit toets of jy meegesleur gaan word deur elke gees van lering wat oor die elektroniese media versprei word. Hoe weet ons dat ons nog nie in die groot verdrukking is nie. Wel, die Woord verklaar dit vir ons. Lees die volgende Skrifgedeeltes aandagtig deur **2 Thess. 2:3-8, 1 Thess 4:13-18, 1 Thess. 1:10; 5:9**

Die vraag wat jy jouself baie ernstig moet vra in die tyd is dit, op watter fondament staan jy? **1 Kor. 3:11** ***Want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is Jesus Christus.*** Staan jy op Jesus of staan jy op 'n valse fondament dat jy dalk nog nooit gered is nie?
Ons sien op die oomblik die tekens van die tye: **Mar. 13:28-29**. **2Tim. 4:3**. Hoor wat het Paulus oor die saak gesê. **1 Kor. 2:2** ***want ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde.*** Paulus het nie dingetjies verkondig nie, hy het Christus verkondig deur die voorbeelde van die Ou Testament te gebruik om te illustreer. Baie van die valsprofete van ons tyd spreek profesieë uit of vermeng Bybeltradisie en gebruike met geloof. Wees asb. baie versigtig vir dwalings daar buite! Wat is die vereiste om in die Hemel te kom? In **Joh. 3:3** is Jesus aan die woord, en Hy praat met Nikodémus, 'n Skrifgeleerde. In vandag se taal 'n hooggeleerde predikant en Jesus verduidelik vir hom die weg tot Saligheid want hy het dit nie verstaan met al sy kennis nie. ***Jesus antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weergebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.*** So is daar baie mense vandag wat deur menslike kennis verblind word om die weg tot die Hemel te ontdek. Weergeboorte is die enigste manier om in die Hemel te kom. Hoe word ek weergebore? Ek gaan in my binnekamer, trek die deur toe en bid tot God, en vra vergifnis vir al my sonde, ek bely dit hardop vir myself sodat ek dit kan hoor in my gesprek met God. Die Here is opsoek na ware berou en Hy ken my bedoeling! Draai weg van die sondige dinge en vertrou die Heilige Gees om jou te lei in jou gebed. **1Joh. 1:9** ***As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.*** Staan daarna op en gaan vertel dit aan alle mense dat die Here jou siel uit genade gered het. So bely ons met die mond wat ons glo in ons hart. As jy 'n twyfelagtige boodskap ontvang, toets dit aan die Woord, en as jy nie seker is of dit waar is nie, moet dit nie aanstuur nie. Jy mag dalk die struikelblok in iemand se geestelike lewe wees. Daarom wil ek u bemoedig, die dinge wat nou gebeur is maar net 'n vervulling van die Woord wat vir ons opgeteken is. Ons is bevoorreg om die vervulling van die profesieë te ervaar. Staan op die Woord van God en leef dit in jou lewe met 'n wederkomsverwagting, Jesus gaan Sy bruid kom haal!

**Ds. Danie Klopper**
**Fochville Gemeente**

# Worcester Gemeente ontvang nuwe leraarspaar



Ons as gemeente het vir omtrent 4 maande die Here se aangesig gesoek om vir ons gemeente die leraar te stuur wat Hy hier wil hê. Groot was ons vreugde toe ds. Louie van Zyl en sy vroutjie Margaret, met 'n getuienis van roeping na Worcester gemeente, die beroep aanvaar het. Soos altyd, was die Here getrou. Op Saterdag 14 Desember 2019 om 15:00 is hulle op die gepaste wyse ontvang in die gemeente. Die boodskap was gebring deur ds. Armand Olivier, wie ook die bevestiging waargeneem het. Tydens die ontvangs was daar gelukwense van die kerkraad, die CCV, die Sondagskool, en die Wes-Kaapse ring. Die volgende predikante was teenwoordig: di. Rassie van Staden, Woodford Kotze en Armand Olivier.

Na die bevestiging was ons bederf met heerlike verversings uit die bekwame hande van ons susters. Ons as kerkraad en gemeente van Evangelies-Gereformeerde Kerk Worcester, wil ons Hemelse Vader dank en loof vir Sy goedheid en guns om ons te bederf met so 'n Herderspaar. Ons is die Hemelse Vader baie dankbaar dat Hy in Sy alwetendheid altyd weet wat die beste is en dat Sy tyd altyd die perfekte tyd is.

Sondag 15 Desember 2019 het Ds. Louie sy intreeboodskap gelewer, waarna ons weer heerlik saam gekuier het. Op Maandag 16 Desember was dit die nuwe Leraar se beurt om Geloftediens te hou. Dit was 'n geseënde Geloftediens wat deur die mense van Worcester uiters goed bygewoon is. Alle eer en dank aan ons Hemelse Vader.

**Gert Fourie**
**Vise-voorsitter Worcester Gemeente**

# Jeffreysbaai Gemeente ontvang nuwe leraarspaar

Op 12 Oktober is ons nuwe leraarspaar, ds. Ruan en mev. Lorinda van Vuuren, in die gemeente ontvang en bevestig. Dit was 'n besondere geleentheid. Nie net oor die feit dat ons die Here dankbaar is vir ons nuwe predikantspaar nie, maar oor die Here se wonderbaarlike voorsiening oor ons as gemeente die laaste paar maande.



Die bevestiging is waargeneem deur ds. Wimpie van Vuuren, en is Lukas 19 op 'n besondere wyse vir ons oopgebreek. Die tema van die boodskap was "Waarna soek ons?" Die gedagte het sterk deurgekom dat ons elkeen sielesoekers behoort te wees indien ons die seën van die Here in ons gemeente en gemeenskap wil ervaar. Die redes waarom ons sielesoekers moet wees, is verder in die boodskap hanteer met die gedagtes as volg: Ons moet sielesoekers wees want die hel is 'n werklikheid, die hemel is 'n werklikheid, die wederkoms is naby en daar gaan 'n oordeel wees. Daar is ook gepraat rondom die gedagte van wat ons moet doen om sielesoekers te wees; ons moet vervul wees met die Heilige Gees, ons moet bid en ons sal moet getuig! Daar is baie getuienisse ontvang oor die kosbare Woord.

Na die bevestiging het ons almal van die kerk vertrek na Jeffreysrus Aftree-oord waar ons heerlik saam gekuier en iets te ete gehad het. Elke persoon het uit hul plek gegaan om hierdie dag spesiaal te maak, en kon die opgewondenheid rondom die toekoms van die gemeente duidelik ervaar word.

**Jeffreysbaai Gemeente.**





# Strand Gemeente ontvang nuwe leraarspaar

Ds. Wim Smith is op 16 Februarie 2020 in EG Kerk Strand gemeente deur ds. Johan Cloete (OES) van die S.E.K. bevestig en ook namens die Wes-Kaapse ring verwelkom.

Ds. Wim en mev. Petro is deur die kerkraad, gemeentelede, familie en vriende in die EG Kerk Strand familie verwelkom.

Na sy intreepreek is daar op die eg Strand se gasvryheid manier heerlike eetgoed genuttig en gekuier.

Volgens Efesiërs 4:11-13 is dit die Here self wat vir ons herders en leraars gee (as 'n genade geskenk) om ons as Sy kinders toe te rus vir dienswerk tot opbouing van die liggaam van Christus, totdat ons almal kom tot die eenheid van geloof.

Ds. Wim is die vierde leraar van Strand gemeente sedert ons ontstaan in 2001 en is vooraf gegaan deur ds. Jurg Prinsloo (Snr.), Ds. Wimpie Snyders en Ds. Armand Olivier wat gedurende Desember 2019 na Newcastle gemeente verhuis het.

Strand gemeente het vir 'n kort tydjie na ons ontstaan ons eredienste by Hoërskool Strand se Sportsaal gehou en toe na die Boland Kollege saal verskuif, waar ons tans nog ons eredienste hou.

Die gemeente beskik oor 'n erf vir 'n kerk en is hard aan die werk en vertrou die Here om hierdie jaar 'n eie plek van aanbidding daar te kan oprig.

Ons glo dat op ons lewensreis as gemeente elke leraar 'n vormende rol speel en op een of ander manier bydra tot ons gemeente se storie. Elke leraar het 'n nuwe fase in ons lewens ingelei en ons as gemeente sien uit na hierdie nuwe fase saam met ds. Wim en mev. Petro.

Ons is die Here dankbaar vir die geskenk van 'n herderspaar en bid dat ons as Strand gemeente in eenheid en totale afhanklikheid van ons Hemelse Vader die Evangeliewa saam met ons nuwe herderspaar tot lof en eer van Hom sal trek.

**Oudl. Alie Benson**
**Vise-voorsitter**
**Strand Gemeente**






**Bo: Ds. Wim Smith lewer sy intreepreek**

**Regs: Ds. Wim en mev. Petro Smith word verwelkom in die gemeente**



Ds. Hattingh en die leraars teenwoordig

# Boksburg Gemeente ontvang nuwe leraarspaar

Saterdag, 11 Januarie 2020, het uiteindelik aangebreek – die ontvangs en bevestiging van ds. Rickard Hattingh, mev. Natasha Hattingh en die drie kinders, Eben (8), Melany (6) en Richard (5). Verskeie leraars het saam met die gemeente en vriende in die heuglike dag gedeel.

Na heerlike samesang is die verwelkoming gedoen deur ds. Flip Pretorius, Ringsvoorsitter van die Randse Ring. Ds. Pieter van Wyk van die gemeente Frankfort het die woordverkondiging waargeneem met die skriflesing uit **2 Tim. 1:3-11** en tema "Die aangestelde leraar." Hierna is ds. en mev. Hattingh deur die konsulent, ds. William Colling, bevestig as nuwe leraarspaar van die gemeente Boksburg. Ds. Willie Olivier van die gemeente Kemptonpark het die leraarspaar in hulle nuwe bedieningsveld met 'n toewydingsgebed aan die Here opgedra.

Gelukwense en bemoediging het hierna gevolg deur die Ringskommissie en ander leraars teenwoordig by name di. William Colling (Germiston), Flip Pretorius (Nigel-Sharon), Willie Olivier (Kemptonpark), Jurgens Prinsloo (Wonderboom), Barry Fourie (Hartbeespoort), Pieter van Wyk (Frankfort), Frik Lombard (Em.), Derrick du Plessis (Alberton) en Gerhard Beukes (Benoni).

Die Vise-voorsitter van Boksburg, ouderling Neels du Bruyn, het die leraarspaar namens die Kerkraad verwelkom, gevolg deur die Superintendent van die Kinderbediening, Stienie Green en Carolina Mostert, C.V.V. Vise-voorsitter. Gepas tydens die geleentheid is daar ook 'n brief van die gemeente Uniondale voorgelees waarin ds. en mev. Hattingh bedank word vir hulle dienstydperk aldaar en word hulle dan ook sterkte toegewens in die nuwe gemeente. Na ds. Rickard die bedankings gedoen het en die seënbede uitgespreek is, is die amptelike verrigtinge afgesluit met heerlike versnaperinge en drinkgoed, natuurlik smaakvol voorberei en bedien deur die C.V.V.

Ds. Rickard het sy intreerede gelewer op Sondag, 12 Januarie 2020, met



Ds. Rickard Hattingh en gesin

'n gepaste boodskap "Kroon Hom as Here" en die skriflesing geneem uit Kol. 1:13-20. Die volgende punte is behandel naamlik Jesus is die enigste Redder, Jesus is die Skepper en Jesus is die Hoof.
Ons gebede vergesel die gemeente van Boksburg met die nuwe leraarspaar se bediening aldaar.

**Willie Stieger**
**Subredakteur**





# Middelburg Gemeente is 50




Op 1 Desember 2019 het die gemeente van Middelburg fees gevier. Baie voorbereidingswerk was gedoen deur die kerkraad en die susters, met die beplanning en uitnooi van spesiale gaste. Ons is die Here dankbaar vir 50 jaar van genade sedert die gemeente gestig is en deur God se genade in stand gehou is.
Die verrigtinge het begin met ons gewone Sondag erediens, waar ds. Ferdie Devenier almal verwelkom het wat teenwoordig was. Die gehoor was gevra om aan te dui wie van hulle is deur die Here gered onder die bediening van die gemeente. Talle kon getuig dat die Here inderdaad hulle vrygemaak het deur Sy werk vanuit Middelburg gemeente. Daarna het ds. Gerhard Wessels 'n dankgebed tot eer van God gedoen vir Sy getrouheid en die redding van siele in die gemeente.
Ds. Willie Roux het die oggend erediens gelei en het vele verhale vertel waarin God se genade weerspieël is en aan Hom die eer gegee is. Vorige leraars het ook 'n geleentheid gekry om te vertel van hulle bedieningstyd in Middelburg, onder andere di. Willie Roux, Danie van Rensburg en Gerhard Wessels. Daar was getuig van die redding van siele en van God se voorsiening met die bou van die kerk onder ds. Willie se bediening, die aanbou van die groter saal en klaskamers onder leiding van ds. Danie en die voortsetting van God se werk in gewone mense se lewens onder ds. Gerhard. Niks was sonder stryd en uitdagings nie, maar God was getrou en het inderdaad in lewens gewerk. Die verrigtinge was luisterryk aangevul met lieflike sang ter aanbidding van die Here, deur een van ons gemeentelede, Uriska Nel, asook 'n item deur ds. en Mev. Van Rensburg.
Ds. Lukas Uys kon die geleentheid nie bywoon nie weens eie verpligtinge te Vanderbijlpark.
Tans is ds. Ferdie Devenier die leraar van die gemeente en is ons ook dankbaar dat 'n nuwe konsistorie en gebedskamer die afgelope jaar bygevoeg kon word.
Met die hardwerkende susters in ons gemeente wat alles in die saal pragtig versier het (mooier as die presidentsete te Tuynhuis), was die tafels gedek vir 'n heerlike maaltyd en nagereg en wat nog meer, en was die ete uit die boonste rakke. Daar is dankbaarheid vanaf kerkraadskant vir die altyd gewillige en hardwerkende susters wat altyd met soveel getrouheid meer as hulle deel doen en die sukses van ons feesvieringe het dit weereens bevestig.
Ons kan waarlik getuig, Ebenaeser - tot hiertoe het die Here ons gedra, en ons is vol verwagting dat ons gemeente sal bly groei in heiligheid tot eer van God, en dat die Here steeds by die gemeente sal voeg diegene wat gered is. Hy sal ook vorentoe Sy gemeente bou en die poorte van die hel sal dit nie oorweldig nie.



**Predikante teenwoordig:** Ds. en mev. Gerhard Wessels, ds. en mev. Danie van Rensburg, ds. en mev. Ferdie Devenier en ds. Willie Roux

**Ds. Ferdie Devenier**
**Middelburg Gemeente**

# Die Heilige Gees, ons vriend

Die Heilige Gees word soms uitgebeeld as hierdie krag wat die mens iets maak wat hy nie werklik is nie. Die Heilige Gees moet die mens verander om iets bonatuurliks te doen, anders is die Heilige Gees nie teenwoordig nie. Die Heilige Gees is niemand anders as Jesus se eie Gees wat Hy na die mens gestuur het om vir ons ’n vriend te wees. ’n Ware vriend is juis iemand wat ons waarsku teen gevare. Jesus het so van die Heilige Gees gesê. **Joh. 16:14** ***Hy sal My verheerlik, omdat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig.*** In hierdie teks vertel Jesus dat ons juis hulp gaan kry. Hy stuur vir ons die Heilige Gees om inwonend in ons te kom woon. Daarom kan ons weet dat die Heilige Gees ons vriend is. Ons vertrooster ons bemoediger, ons leermeester. Die oorspronklike woord wat gebruik word deur Johannes hier vir die Heilige Gees het, is Parakletos of helper (’n Ander van dieselfde soort). **Joh. 16:7** ***… sal die Trooster … na julle stuur.*** Die Heilige Gees se bediening was om ’n vriend te wees vir die mens.

<u>**Hoe is die Heilige Gees ons vriend?**</u>

**Die Heilige Gees oortuig van sonde.**
**Joh. 16:8** ***en as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde***
Die Heilige Gees oortuig. Hierdie oortuig beteken ’n oortuiging wat selfveroordelend is. Hy oortuig van sonde. Let op dat die woord sonde in die enkelvoud is en nie in die meervoud nie. Dit sê nie sondes nie. Hierdie sonde is dan die sonde om nie in Christus Jesus te glo nie. Die Heilige Gees oortuig die mens dus van sy verlorenheid omdat hy geweier het om Christus Jesus aan te neem as sy persoonlike Verlosser en Saligmaker en gered te word. Hy oortuig die wêreld, dit beteken elke verlore siel op aarde. Daar is dus nie een wat Hy nie oortuig nie of dit deur die Skrif is of eenvoudig deur die gewete. Sien ook **Rom. 2:14-15** ***Want wanneer die heidene, wat geen wet het nie, van nature die dinge van die wet doen, is hulle vir hulleself ’n wet, al het hulle geen wet nie; 15 omdat hulle toon dat die werk van die wet in hulle harte geskrywe staan, terwyl hulle gewete saam getuienis gee en die gedagtes mekaar onderling beskuldig of ook verontskuldig***.

Op hierdie punt, tree die Heilige Gees op as ons aanklaer. Dit is ’n beskrywing van die een wat kruisondervrae en sy teenstander se woorde weerlê. Interessant genoeg, die Heilige Gees doen dit as ons vriend! Hy wys vir ons wie ons werklik is eerder as wat ons voorgee om te wees. ’n Goeie vriend, is die mens wat slegte nuus vir ons kan gee, sonder dat ons vir die persoon kwaad word. Dit is wat die Gees vir ons doen. Hy kom oortuig ons van dinge wat verkeerd is in ons lewe. Om nie te glo nie, is op die ou end die onvergeeflike sonde. Dit beteken dat ons nie erken dat die Heilige Gees ons vriend is nie. Dat ons nie erken dat Hy ons beste belange op die hart dra nie.

**Die Heilige Gees oortuig van geregtigheid.**
**Joh. 16:8** ***en as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van… van geregtigheid.*** Die verlore sondaar word deur die Heilige Gees oortuig dat sy eie geregtigheid niks beteken nie. **Rom. 10:3** ***Want omdat hulle die geregtigheid van God nie ken nie, en hulle eie geregtigheid probeer oprig, het hulle, hul aan die geregtigheid van God, nie onderwerp nie.*** Die Heilige Gees oortuig ons dat Christus ons geregtigheid is, en ons dit in Hom alleen kan vind, lees ook **Rom. 3:22-24** ***die geregtigheid naamlik van God deur die geloof in Jesus Christus vir almal en oor almal wat glo, want daar is geen onderskeid nie; 23 want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God, 24 en hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is.*** Die taak van die Here Jesus op aarde was nie net om hierdie geregtigheid deur Sy dood te bewerk nie, maar ook om van hierdie geregtigheid te getuig. Daarom moes Hy na die Vader gaan, sodat die Heilige Gees hierdie werk in Sy plek op aarde sou kom doen.

Die Heilige Gees kom dus en oortuig ons van God se geregtigheid hier op aarde. Wat reg en verkeerd is in God se oë. Hoe om gered te word en die ewige lewe te beërwe.

Die Heilige Gees lei ons in tye van onsekerheid. Hy verlig die pad voor ons. Hy lei ons om te volg in die voetspore van geregtigheid. Hy lei ons na ons ewige huis in die hemel. **Ps. 23:3** sê: ***“Hy lei my in die spore van geregtigheid, om sy Naam ontwil.”***

Die Heilige Gees lei ons dieper en dieper in die waarheid in. Hy neem die woorde van Jesus en plaas dit in ons harte en help ons om dit toe te pas in ons lewens. Ons is nie alleen in ons besluitneming nie. Ons vriend is ons helper.

**Die Heilige Gees oortuig van oordeel.**
**Joh. 16:8** ***en as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van… oordeel.*** Net so seker as wat die duiwel die oordeel nie kan ontvlug nie, so seker kan die verlore sondaar ook weet dat hy dit nie kan ontvlug nie. As die owerste van die wêreld geoordeel is, kan dit nie anders wees as dat diegene wat aan dieselfde koninkryk behoort ook geoordeel sal word nie. Daar is net twee tipe mense in hierdie wêreld. Die wat God as hulle Vader het en die wat die duiwel as hulle vader het. **Joh. 8:44** ***“Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was ’n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy ’n leuenaar is en die vader daarvan”.***

As ons nog nie ’n besluit gemaak het, om ons sonde te bely en voor die kruis neer te lê nie, is ons vader die duiwel. Die Heilige Gees oortuig die verlore sondaar, wat die duiwel as vader het, dat hy onder dieselfde oordeel staan as die Satan, verlore sonder God en hulle veroordeel staan voor God.

Die groot waarheid oor hierdie saak is dat God wil hê ons moet in die regte verhouding met Hom staan. Die Heilige Gees sal ons die pad van bekering wys, en as ons aan Hom behoort, is daar geen veroordeling vir dié wat in Christus Jesus is nie. Die Heilige Gees is ’n vriend wat by ons staan en ons oortuig van dinge wat kom, totdat ons dit glo. Die Heilige Gees is ons vriend. Hy kan ons van die dinge vertel wat baie ander nie kan nie. Hy oortuig ons van sonde in ons lewe. Sonder geregtigheid kan ons nie voor God staan nie. Ons het regverdigmaking in Christus nodig, anders sal ons verewig in die verderf wees.
Die Heilige Gees oortuig ons van oordeel. Alle sonde moet gestraf word. Daarom kom die Heilige Gees en wys ons wat die uiteinde van ’n sondige lewe is sonder Jesus se bloed om ons te reinig.

Dit is tot ons voordeel dat die Heilige Gees gestuur is. Die Gees vul almal wat hom verwelkom, en verander ons van binne. Dit is die Heilige Gees wat eenheid moontlik maak. Ons het almal dieselfde behoefte. Ons het almal nodig om in die regte verhouding met God te wees. Ons is sondaars met ’n behoefte aan ’n Verlosser. Ons het die ewige lewe nodig wat God ons bied.

Al is die Heilige Gees beskikbaar, beteken dit nie dat Hy in beheer van ons lewe is nie. Ons kan nog steeds worstel om in beheer van ons lewens te bly, en sodoende nie die regmatige plek aan die Heilige Gees te gee in ons lewens nie.

Meer as ’n 100 jaar gelede het ’n groep predikante bymekaar gekom en bespreek of D.L. Moody ’n reeks evangeliese boodskappe in die stad moes hou en of hulle iemand anders moes kry. ’n Jong predikant het kapsie gemaak omdat Moody genooi was en vra: “Waarom Moody? Het hy ’n monopolie van die Heilige Gees?” Daar was stilte. Toe antwoord ’n ou Godvresende predikant: ***“Nee, hy het nie ’n monopolie van die Heilige Gees nie, maar die Heilige Gees het ’n monopolie van D.L. Moody.”***

Wil u nie die Heilige Gees toelaat om u vriend te wees nie.

**Ds. Danie Klopper**
**Fochville Gemeente**

# God het gegee

Die welbekende vers van **Joh. 3:16** leer ons dat God gegee het. **Joh. 3:16** ***“Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.”*** Hoe lief het God gehad? Dat Hy sy Seun gegee het vir elkeen in die wêreld wat in Hom wil glo.

**Hoe gee Hy?**
Hy het Jesus gegee in die geboorte as mens om vir altyd een met die mens te wees.
God het gegee in die kruisdood as borg om ons sonde en die vloek vir die sonde op Hom te neem.
Hy het gegee op die troon om as ons verteenwoordiger en voorbidder met alle krag vir ons beswil te beskik.

Hy het gegee in die uitstorting van die Heilige Gees om in ons te woon om geheel en al ons sin te wees.
Dit is die liefde van God dat Hy sy Seun gegee het ter wille van ons om in ons te woon.
God het gegee niks minder as sy Seun self nie. God se liefde was so groot dat Hy ons nie iets gegee het nie, maar iemand.
Hy het ons ’n lewende Persoon gegee. Hy het nie een of ander seën gegee nie, maar Hom in wie alle lewe en seën te vind is, Jesus self. God gee nie net die vergifnis of die vernuwing of die heiligmaking of die heerlikheid nie, Hy gee Jesus, sy Seun. Jesus is die Geliefde, die Vriend, die ewige saligheid van die Vader. God wil dat ons Jesus as ons eie sal hê, soos Hy Hom het. **Joh. 17:23**. Die volkome saligheid bestaan daarin dat die mens Jesus moet besit en geniet. God het sy Seun gegee om ons sin te word.

Wat staan ons nou te doen? Ons moet Hom neem, die Gawe ontvang en vir ons toe eien. Dit is die ewige lewe. **1 Joh. 5:12** ***“Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie.”*** Die groot werk van God se liefde is dat Hy ons sy Seun gee in wie ons alles het. Nou moet die groot werk van ons hart wees om, Jesus wat gegee is, vir ons self toe eien as ons eie. Die liefde van God het die Seun gegee. Neem Hom en hou Hom vas met die liefde van u hart. **1 Joh. 4:19** ***“Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het.”*** God het gegee sodat ons kan lewe, laat Jesus in u lewe inkom, laat u hart en u tong en u wandel oorgegee wees aan Jesus.

Die boodskap van Kersfees is ’n boodskap van God se liefde. Deur Sy liefde het Hy gegee. Die rede was die sonde van die mens wat keer om Jesus ten volle te ontvang. Gee u sonde vir Hom, gee u tekortkominge vir Hom, gee u hele wese vir Hom. Hy wil vir u lewe gee.

**Ds. Wim Smith**
**Strand Gemeente**

# Jesus Christus se ewige bestaan

Vir die Jong Klomp

Ons het in die vorige uitgawe gelees van die "Foto van Christus".
Ons gaan vandag met 'n denkbeeldige "verkyker" na die Bybel kyk. Ons gaan vandag in die geskiedenis terug kyk.
Verlede tyd beteken geskiedenis. Christus is die geskiedenis van die heelal. Hy is sonder 'n begin punt. Hy was daar nog voor die skepping, nog voor tyd bestaan het, ja, jy dink reg, nog voor Hy in Bethlehem as mens gebore is? Hy het bestaan nog voor Hy gebore is. Alle lewende dinge se bestaan word bewys deur 'n geboorte datum of ID. Die wêreld se jaartal word gekoppel aan Christus se geboorte, v.C. of n.C., dit beteken nie dat die geboorte van Christus die begin van Sy bestaan is nie. In Sy menslikheid het Hy daar mens geword met die doel om Verlosser te wees. In Sy Godheid bestaan Hy van ewigheid tot ewigheid.
Vat jou tyd en lees asseblief die volgende teksverse en dink in bewondering oor die wonderlike God wat ons so lief het, dat Hy Sy Seun vir ons gegee het.

Die eerste teksvers in die Bybel
*Gen. 1:1 "In die begin het God die hemel en die aarde geskape."*
*Gén. 1:26 "En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis. Hierdie "Ons" is die Drie eenheid."*
*Kol. 1:15-17 "Hy is die Beeld van die onsienlike God, die Eersgeborene van die hele skepping; want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte - alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape. En Hy is voor alle dinge, en in Hom hou alle dinge stand."*
*Heb. 1:8-11 "maar van die Seun: U troon, o God, is tot in alle ewigheid, die septer van u koninkryk is 'n regverdige septer; U het geregtigheid liefgehad en ongeregtigheid gehaat; daarom het, o God, u God U gesalf met vreugde-olie bo u metgeselle; U, o Here, het in die begin die aarde gegrondves en die hemele is werke van u hande. Hulle sal vergaan, maar U bly; en hulle sal almal soos 'n kleed verslyt,"*
*Open. 4:11 "U is waardig, o Here, om te ontvang die heerlikheid en die eer en die krag, want U het alles geskape en deur u wil bestaan hulle en is hulle geskape."*
*Dan. 7:9 "Ek het bly kyk totdat trone reggesit is en 'n Oue van dae gaan sit het;"*
*Dan. 7:13 "Ek het gesien in die naggesigte, en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van 'n mens, en Hy het gekom tot by die Oue van dae, en hulle het Hom nader gebring voor Hom."*
*Dan. 7:22 "totdat die Oue van dae kom en aan die heiliges van die Allerhoogste reg verskaf is en die bepaalde tyd gekom het dat die heiliges die koninkryk in besit geneem het."*
*Miga 5:1 "En jy, Betlehem Éfrata, klein om te wees onder die geslagte van Juda, uit jou sal daar vir My uitgaan een wat 'n Heerser in Israel sal wees; en sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid."*

Kom ons kyk hoe baie die boek Johannes na die ewige bestaan van Jesus verwys:

*Joh. 1:1-3 "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Hy was in die begin by God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie."*
*Joh. 1:10, 11 "Hy was in die wêreld, en die wêreld het deur Hom ontstaan, en die wêreld het Hom nie geken nie. Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie."*
*Joh. 1:14 "En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon - en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom - vol van genade en waarheid."*
*Joh. 1:18 "Niemand het ooit God gesien nie; die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, dié het Hom verklaar."*
*Joh. 1:30 "Dit is Hy van wie ek gesê het: Ná my kom 'n man wat voor my geword het, want Hy was eerder as ek."*
*Joh. 3:17 "Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word."*
*Joh. 3:36 "Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom."*
*Joh. 6:35 "En Jesus sê vir hulle: Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie."*
*Joh. 6:51 "Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid. En die brood wat Ek sal gee, is my vlees wat Ek vir die lewe van die wêreld sal gee."*
*Joh. 8:56-58 "Abraham, julle vader, het hom verheug dat hy my dag sou sien; en hy het dit gesien en het hom verbly. Toe sê die Jode vir Hom: U is nog nie vyftig jaar oud nie, en het U Abraham gesien? Jesus sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, voordat Abraham was, is Ek."*



# Is EMIGRASIE die antwoord?!

Vir die soveelste keer beleef ons in Suid-Afrika 'n nuwe vloedgolf van emigrasie. Sommige mense kry goeie, aanloklike geleenthede elders. Veel meer sien die afgelope jare egter politiek geen toekoms meer in Suid-Afrika nie, nie vir hulleself nie, nog minder vir hul kinders. Wanneer misdaad en moord egter jou binnekring betree, dan gaan dit om oorlewing. Dit raak toenemend moeilik om enigsins positief te wees oor ons land.
Dit het meer kere in ons volk se geskiedenis al gebeur. Na die Anglo-Boere-oorlog het baie van die boere niks meer oorgehad om mee of voor te lewe nie, nie vrou of kind of plaas of besittings nie. Vir vele van hulle was daar geen toekoms meer hier nie. Baie het toe ook 'n heenkome elders gaan soek. In die huidige omstandighede kan niemand juis kwalik geneem word as hulle die land verlaat of wil verlaat nie. Dis menslik gesproke die logiese ding om te doen.
Daar is egter een ding wat wel 'n groot verskil maak. Dit is naamlik ons Godgegewe roeping, juis en baie spesifiek vir hierdie land en streek. Ons is deur goddelike beskikking juis hier as volk tot stand gebring, om hier 'n verskil te maak en in die bres te staan. Iemand moet in die pad van die verval kom staan. Omstandighede is soortgelyk as tydens die Ballingskap van die volk van God. Dit gaan oor die godsdiens, die politiek, ook geweld op persoonlike vlak. Die beskrywing hieronder kan netsowel oor Suid-Afrika geskryf gewees het:
***Eseg. 22:23-29 "Verder het die woord van die HERE tot my gekom en gesê: 24 Mensekind, sê vir hom: Jy is 'n land wat nie gereinig is nie, wat nie reën gekry het in die dag van grimmigheid nie. 25 'n Sameswering van sy profete is in hom, soos 'n leeu wat brul, wat prooi verskeur; hulle eet die siele op; skatte en kosbare dinge neem hulle weg; die weduwees vermeerder hulle daarin. 26 Sy priesters verkrag my wet en ontheilig my heilige dinge; tussen heilig en onheilig maak hulle geen onderskeid nie, en die verskil tussen onrein en rein gee hulle nie te kenne nie; daarby maak hulle***




***hul oë toe vir my Sabbatte; ja, Ek word onder hulle ontheilig. 27 Sy vorste is in hom soos wolwe wat prooi verskeur, om bloed te vergiet en siele om te bring, dat hulle onregverdige wins kan maak. 28 En sy profete pleister vir hulle met los kalk deur bedrieglike gesigte te sien en vir hulle leuens te voorspel met die woorde: So sê die Here HERE – terwyl die HERE nie gespreek het nie. 29 Die mense van die land pleeg geweld en eien hulle geroofde goed toe; ook verdruk hulle die ellendige en behoeftige, en teenoor die vreemdeling pleeg hulle geweld sonder reg."***
Net soos in daardie tyd soek God ook nou en hier mense wat in die skeur kan kom staan, om in die Naam van die Here die gety te draai:
***Eseg. 22:30 "En Ek het onder hulle 'n man gesoek wat 'n muur kan bou en voor my aangesig in die bres kan staan vir die land, sodat Ek dit nie sou verwoes nie; maar Ek het niemand gevind nie."***
As die Heil van God vir hierdie land en streek vir ons swaar genoeg weeg, dan sal ons nie ons pos kan verlaat nie, wat ook al die koste. Wie gaan jou plek vul as jy dit verlaat? Hoeveel meer ellende sal dit toelaat? God maak altyd erns met sy roeping en verkiesing. Is ons gewillig om 'n muur te bou en voor God se aangesig in die bres te tree en die verwoesting om te keer?
Dit herinner my aan jare gelede toe ek my Proefskrif voltooi het by Unisa. My een dogter het toe vir my kom vra: "Hoekom gaan pappa nie nou Unisa toe nie? Pa sal mos baie meer geld daar kry." Ek het dit nogal in stilte oorweeg en advertensies van poste deurgekyk, maar ek kon haar op daardie stadium dadelik en eerlik antwoord: "Die Here het my in hierdie Kerk en vir hierdie Kerk geroep. My roeping is hier, ongeag telkemale se intense stryd en baie trane.
Tydens die Sinode in Mei 1978 het die Here my belowe dat Hy sal maak dat ek Hom dien op 'n wyse wat Hom tevrede stel. Ek het my lewe tot aftrede aan Hom en sy wil toegewy, ja selfs nou nog. Ons blydskap in die Here, dit is ons beskutting!
Dalk moet kinders van die Here in Suid-Afrika (dalk veral die nasate van die Boere-Afrikaners) vandag ook elkeen hierdie saak voor die Here uitmaak. Is ek in Suid-Afrika vir my persoonlike voordeel, of staan ek hier onder roeping van God? Aanvaar ek hierdie verantwoordelikheid? Dan sal ek nie maklik voordele of 'n beter lewe elders kan soek of opvolg nie, of wat praat ek alles? Die nood hier is ontsaglik groot, Suider Afrika gly gevaarlik en die mense ly al meer.
***Heb. 12:3, 4 "Want julle moet ag gee op Hom wat so 'n teëspraak van die sondaars teen Hom verdra het, sodat julle in jul siele nie vermoeid word en verslap nie. 4 <u>Julle het nog nie ten bloede toe weerstand gebied</u> in julle stryd teen die sonde nie."***
God soek dringend na manne en vroue in Suid-Afrika wat voor sy aangesig in die bres sal tree, wat 'n muur wil bou om al die ellende om te keer, om die verwoesting te stuit! God alleen kan en wil ons lot verander! Gaan u alles maar net laat gaan, of gaan u, u plek inneem en u roeping in gebed opneem en intree om die vloedgolf van verwoesting te stuit? Vind die Here u op u plek, in die bres!
***"En Ek het onder hulle 'n man gesoek wat 'n muur kan bou en voor my aangesig in die bres kan staan vir die land, sodat Ek dit nie sou verwoes nie;"***

**Dr. Willie Kotzé**
**Emeritus**

# Gemeentes en kontakbesonderhede

| Gemeente | Leraar | Selfoon nr. |
|---|---|---|
| Alberton | Ds. D du Plessis (Derrick) | 083-287-7197 |
| Barrydale | Ds. TJ Putter (Theuns) (Em.) | 082-572-1005 |
| Belfast | Ds. JP Gates (Johnnie) | 072-583-5780 |
| Belfast Lydenburg Wyk | Ds. C Linde (Charl) | 083-302-4926 |
| Benoni | Ds. GR Beukes (Gerhard) | 078-803-3377 |
| Bethal | Vakant | |
| | ***Nota:*** *Ds. Nicko Prinsloo beroep aangeneem, verhuis na inperkingstyd* | |
| Bethlehem | Ds. JP Leyden (James) | 072-642-4730 |
| Bloemfontein | Ds. H van Niekerk (Harry) | 082-938-3621 |
| Boksburg | Ds. RM Hattingh (Rickard) | 082-847-8693 |
| Brakpan | Prop. Kand. Loedolf van der Merwe | 079-866-2455 |
| Bredasdorp | Vakant | |
| Brits (1) | Ds. JJ Jacobs (Jakes) | 083-789-5388 |
| Brits (2) | Ds. N Prinsloo (Nicko) | 083-233-7672 |
| | ***Nota:*** *Beroep aangeneem na Bethal, verhuis na inperkingstyd* | |
| Carletonville-Bethel | Vakant | |
| Centurion (1) | Ds. GA van Dalen (Gerrie) | 084-515-0937 |
| Durban | Ds. AFC Lombard (Frikkie) | 079-898-2799 |
| Ellisras | Ds. WF van Niekerk (Wynand) | 083-289-7538 |
| Ermelo | Ds. DJ du Preez (Jako) | 079-471-5365 |
| Fochville | Ds. DE Klopper (Danie) | 082-901-4611 |
| Frankfort | Vakant | |
| Gamtoosvallei | Ds. HJ Weyers (Hendrik) | 083-256-2910 |
| George | Ds. CPJ Coertze (Coenie) | 076-861-6899 |
| Germiston | Ds. SW Colling (William) | 082-771-1968 |
| Goudrif | Ds. RJ Besselaar (Johan) | 082-555-1592 |
| Goudrif (Sending) | Ds. R Mans (Rudi) | 082-822-7788 |
| Goudveld | Ds. P Burger (Pieter) | 083-263-5752 |
| Hartbeespoort | Ds. B Fourie (Barry) | 082 568 0760 |
| Jeffreysbaai | Ds. R van Vuuren (Ruan) | 084-584-9394 |
| Kemptonpark | Ds. WS Olivier (Willie) | 084-596-4578 |
| Klerksdorp | Ds. AI Rudman (Andre) | 082-711-2458 |
| Kriel | Ds. R Gates (Riaan) | 071-371-0431 |
| Kroonstad | Ds. L Ploos V Amstel (Llwellyn) | 083-442-6803 |
| | ***Nota:*** *Beroep aangeneem na Nelspruit, verhuis na inperkingstyd* | |
| Krugersdorp | Ds. GM Grobler (Gert) | 083-659-5793 |
| Lichtenburg | Ds. AS Kleingeld (Anton) | 084-758-0436 |
| Louis-Trichardt | Wyk van Pietersburg | |
| Malmesbury | Ds. R van Staden (Rassie) | 082-950-4702 |
| Margate | Ds. JHH du Raan (Jan) | 072-286-1115 |
| | ***Nota:*** *Beroep aangeneem na Phalaborwa, verhuis na inperkingstyd* | |
| Meyerton | Ds. WA Krige (Willie) | 082-817-1137 |
| Middelburg | Ds. FS Devenier (Ferdie) | 083-458-7459 |
| Mosselbaai | Ds. WD van Dyk (Danie) | 072-255-2590 |
| Nelspruit | Vakant | |
| | ***Nota:*** *Ds. Llwellyn Ploos van Amstel beroep aangeneem, verhuis na inperkingstyd* | |
| Newcastle | Ds. AF Olivier (Armand) | 084-251-0416 |
| Nigel- Saron | Ds. PJ Pretorius (Flip) | 082-804-6560 |
| Nylstroom | Ds. AMA Bruyns (Andrew) | 081-364-4912 |
| Oos-Londen | Ds. H Van Zyl (Herman) | 082-924-6989 |
| Orkney | Ds. J Alberts (Johan) | 068-578-4744 |



# Gemeentes en kontakbesonderhede (vervolg)

| Gemeente | Leraar | Selfoon nr. |
|---|---|---|
| Oudtshoorn | Ds. WS van Vuuren (Wimpie) | 082-870-9477 |
| Paarl | Ds. RD Beukes (Rudi) | 081-446-0666 |
| Parys | Ds. JD Jones (Dillwyn) | 076-571-8782 |
| Phalaborwa | Vakant | |
| | ***Nota:*** *Ds. Jan du Raan beroep aangeneem, verhuis na inperkingstyd.* | |
| Pietersburg-Emmanuel | Ds. G Snijders (Gerhard) | 082-459-5329 |
| Port Elizabeth Wes | Ds. FS Smit (Frikkie) | 082-851-4530 |
| Potchefstroom | Ds. F Bekker (Ferdi) | 084-688-8653 |
| Potgietersrus | Ds. JSE Bekker (Jan) | 072-677-7070 |
| Pretoria Maranata | Ds. AJ Venter (Andries) | 073-743-8502 |
| Pretoria-Oos | Ds. J Botha (Johan) | 082-897-5955 |
| Pretoria Rietfontein | Dr. AJD Bester (André) | 081-446-6521 |
| Botswana Sending | Ds. FW De Waal (Fred) | 084-251-0073 |
| Pretoria Tuine | Ds. CL Van Wyk (Ludick) | 071-880-0364 |
| Pretoria Wonderboom (1) | Ds. MduT Loubser (Thys) | 082-562-3883 |
| Pretoria Wonderboom (2) | Ds. JP Prinsloo (Jurgens) | 084-986-1986 |
| Sending Namibië | Ds. AW van Wyk (Awie) | 087-843-5217 |
| Randfontein | Ds. R Scholtz (Rico) | 083-452-2383 |
| Richardsbaai | Ds. H Vorster (Hennie) | 084-229-2002 |
| Roodepoort-Betesda | Ds. NJ Grobler (Johan) | 083-785-4743 |
| Rustenburg | Ds. SP Lourens (SP) | 076-703-7795 |
| Sasolburg | Ds. RP Louw (Ryno) | 083-788-5027 |
| Secunda | Ds. AR Scholtz (Recardo) | 083-787-5287 |
| Springs | Vakant | |
| Strand | Ds. WG Smith (Wim) | 082-550-3623 |
| Standerton | Ds. HL Gericke (Henk) | 082-086-1410 |
| Tygerberg | Ds. C Coetzee (Ian) | 082-325-1569 |
| Tzaneen | Ds. HB J van Rensburg (Hendrik) | 082-322-5430 |
| Uitenhage | Ds. P van Wyk (Pieter) | 083-594-3078 |
| Uniondale | Vakant | |
| Upington | Ds. C Lombard (Chris) | 083-652-8433 |
| Vanderbijlpark | Ds. LC Uys (Lukas) | 083-784-1427 |
| Ventersdorp-Elim | Ds. J Bal (Johan) | 063-544-9573 |
| Vereeniging | Ds. PJ Grobbelaar (Paul) | 072-277-9781 |
| Volksrust | Prop. Kand. Francois du Toit | 084-816-1361 |
| Vredendal-Olifantsrivier | Ds. J Dörnbrack (Johann) | 083-275-6326 |
| Vryheid | Ds. G Ploos van Amstel (Gerrie) | 082-827-5386 |
| Warmbad | Vakant | |
| Weskus | Ds. W Kotze (Woodford) | 083-286-3444 |
| Westdene | Ds. WM de Wet (Willie) | 083-231-0377 |
| Witbank | Ds. J Vlok (Juan) | 072-426-6541 |
| Worcester | Ds. LHJ van Zyl (Louie) | 083-204-0365 |

**Kerkblad Meningsopname**

Geliewe Kerkbladleser, saam met hierdie uitgawe van die Kerkblad sal u 'n meningsopname vind, wat u asseblief moet invul en inhandig by u Kerkraad.
Of, indien u die Kerkblad per pos ontvang, kan u die opname invul en aanstuur na die Redakteur by die posadres op die teenblad. Andersins, is u welkom om dit elektronies in te vul op die internet by https://www.facebook.com/groups/egkerk/ of www.egkerk.co.za. U is ook welkom om die opname elektronies aan die Kerkblad te stuur in *.PDF formaat. Stuur dit aan: egkerkblad.redaksie@gmail.com.

**Geen inligting van enige aard sal bekend gemaak word nie. Ons benodig net die inligting vervat in die opname vir navorsing en beplanningsdoeleindes.**

**Meningsopname: https://www.dropbox.com/s/dauqqnmr0who89f/meningsopname.pdf?dl=0**

# Hoe om jou huwelik te beskerm teen virusse

Vroueblad ...

Liewe Vriendin, ek vertrou dat dit met jou goed gaan, veral onder die ongekende omstandighede waarin ons sedert die uitbreking van die Koronavirus pandemie onsself bevind.

Dis asof die Bybel se profesieë rakende die laaste dae soos 'n rolprent voor ons begin afspeel. Dit moet ons egter nie paniekerig maak nie, maar ons vasberade maak om ons verhouding met die Koning van die konings te verstewig en ons lewens te heilig voordat Sy onafwendbare oordeel die aarde gaan tref en Hy in geregtigheid gaan oordeel en as Koning gaan regeer. **Mat 10:28** ***"En moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie; maar vrees Hom liewer wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel."***

Mense tref voorsorg om hulself en hul geliefdes te beskerm teen hierdie dodelike virus, maar dis hartseer hoe maklik ons ander "ongewensde virusse" in ander fasette van ons lewens inlaat sonder om onsself of ons geliefdes te beskut.

Dink nou maar aan die "virusse" wat talle huwelike infiltreer en verwoesting saai. Of dit nou die skynbare matige virus van selfsug is, of miskien bitterheid. Daar is die virus van té besig wees vir mekaar, of miskien is dit iets meer verwoestend soos die dodelike virusse van pornografie, skelm verhoudings en ontrouheid wat die vermoë het om enige huwelik die doodsteek te gee.

Met ons nuttige inligting om onsself te beskerm teen die Koronavirus, het ek besef dat ons dit ook kan toepas in ons huwelike. Die huwelik is immers 'n wonderlike geskenk van God aan egpare. Binne 'n gelukkige huwelik skep ons vir mekaar 'n veilige emosionele en fisiese hawe, 'n lewenslange onafskeidbare vriendskap, 'n liefdevolle vervulling van fisiese behoeftes en 'n geestelike bastion teen die wêreld se aanslae. Hier is 'n paar wenke om ons huwelike "virus-vry" te hou:

**1. Was jou hande.** Ons kan nie die virusse op ons hande sien nie, maar ons kan die gevolge sien wanneer daardie virusse deur ons hande oorgedra word na ons oë, neus of mond. Ons word siek. Net so moet ons ons hande figuurlik skoon hou in die huwelik. Hoeveel huwelike het nie al skade gely omdat iemand nie hul hande kon tuishou nie. Ja, daardie "onskuldige" aanrakinkies wat ons kan uitruil met ander persone buite ons huwelik. Ons sien dalk nie ooglopend iets daarmee verkeerd nie, maar dit het die potensiaal om soos 'n virus in ons huwelik in te beweeg. Skielik kan jy begin verlang na ander se aanraking as jou eie huweliksmaat. Of dalk gebruik jy jou hande om boodskappies vir ander te tik wat nie tot bevordering van jou huwelik is nie. Vriendin, hou jou hande skoon. **Jak. 4:8** ***"Nader tot God, en Hy sal tot julle nader. Reinig die hande, julle sondaars, en suiwer die harte, julle dubbelhartiges!"***

**2. Dra 'n masker.** Dit was nou goeie raad. My vel is nou so mooi van al die skoonheidsmaskers wat ek tuis kon aanwend gedurende die inperkingstyd. Eers was dit avokado masker, toe komkommer… maar soos die proviand opgeraak het, moes ek maar klaarkom met 'n "moddermasker". Ag ek speel sommer. Nee, ons het geleer dat 'n masker jou kan beskerm teen inaseming van virusse wanneer iemand naby jou hoes of nies. Ook in die huwelik moet ons figuurlike maskers dra. Bewaak jou mond. In ons boerekultuur is ons geleer om familie en vriende te soengroet, maar in die onskuld daarvan kan ook 'n adder skuil. Nie almal se intensies is altyd suiwer nie, en daarom moet ons waaksaam wees, en ons lippe bewaar. Ja, hou maar die intense soene vir jou huweliksmaat alleen. Nou wat, genoeg oor soene. Ons moet ook ons monde bewaak teen dinge wat ons so maklik sê. Hoeveel skade het ons krenkende woorde al in ons huwelike berokken. Laat ons ons huweliksmaat stig en ons monde gebruik om saam te bid, te lag, en te soen. Plaas 'n wag (masker) voor jou mond liewe vriendin. **Spr. 15:1** ***"'n Sagte antwoord keer die grimmigheid af, maar 'n krenkende woord laat die toorn opkom."***

**3. Sosiale afstand.** Covid-19 het ons geleer om bietjie afstand te hou tussen ons en andere, sodat die virus nie so maklik moet versprei van persoon na persoon nie. Vir die huwelik geld dit ook. Ons moet waak dat ons vriendskappe nie belangriker as ons verhouding met ons huweliksmaat word nie. Hoeveel tyd ons sosiaal spandeer, maar nie tyd het vir ons mans nie. Natuurlik is tyd nie alleen die gevaar nie, maar die tipe van sosiale omgang wat ons het. Talle huwelike is al verongeluk omdat iemand se vrou weggerokkel is deur sy beste vriend, of iemand se man gesteel is deur haar beste vriendin. Ken jou vriende en waak dat jul vriendskappe nie enige grense oorskry nie. Voorts moet ons sosiale afstand hou met betrekking tot die sosiale kuberruim. Ja, daardie klein jakkalsies wat die wingerde verniel. Die internet is soms soos 'n landmynveld. Trap baie versigtig en onttrek jou as jy agterkom dit word 'n struikelblok op enige wyse.

**4. Bou immuniteit op.** 'n Gesonde liggaam is minder bevatlik vir virusse en siektes. So is 'n gesonde huwelik en geestelike lewe minder bevatlik vir "virusse" van buite.
Hoe bou mens jou huwelik en geestelike lewe se immuniteit? Deur die Woord van God. Spandeer as paartjie saam tyd om die Woord te lees, daaroor te gesels, en ook saam te bid. Bid vir mekaar, bid vir jul huwelik.

Bou jouself op in die Woord en verdiep jou verhouding met die Here, sodat wanneer die satan probeer indring, jy hom sal aansien vir die bedrieër wat hy is en kan vlug van die versoekings en sonde. **Spr. 4:23** ***"Bewaak jou hart meer as alles wat bewaar moet word, want daaruit is die oorspronge van die lewe."***

Mag die Here ons help om ons harte en ons huwelike te bewaak, dis lewensbelangrik.

**Groete in Christus**
**Karen Devenier**

**Hebr. 13:4 "Laat die huwelik in alle opsigte eerbaar wees…"**

# Die Woord van God en ons harte

Die naaste wat ons fisies aan God kan kom, is die Bybel. Ons kan die Bybel vashou, deur hom blaai en bestudeer. Die Bybel is God se Woord en alles wat ons nodig het om te weet van God is in die Bybel opgeteken.
Wanneer ons die Woord van God in ons harte vasmaak, beteken dit om die Woord te verstaan en te glo, dan begin ons die Woord ook te lewe. Die Here begeer dat ons Sy Woord diep in ons harte sal bêre. **Eseg. 3: 10** ***"Mensekind, neem al my woorde wat Ek jou sal sê, in jou hart op, en hoor hulle met jou ore"*** Dieselfde Woord is soos melk vir die pasgebore Christen en soos vaste spys vir die volwasse Christen. Die Here praat tot met die ongeredde deur Sy Woord. Die Woord van God is 'n lig vir ons pad en 'n lamp vir ons voet, daarom dat die Here sê: **Deut. 11:18** ***"Lê dan hierdie woorde van my weg in julle hart en in julle siel"*** Die Here vra dat ons Sy Woord in ons harte inneem en dit daar weg-lê. Dit beteken dat die Woord van die hart moet besit neem.

Ek wil dit verduidelik deur die tabernakel te gebruik as voorbeeld. Die tabernakel bestaan uit die voorhof, waar die offers gebring was en die heiligdom waar die Allerheiligste was waar God gewoon het. Die mens se geesteshart is die heiligdom. Die voorhof is die verstand en dit wat ek nie kan verstaan nie, kan nie in die hart inkom nie. Deur die hoor van die Woord kom dit in die voorhof, ons verstand, en daar word dit oordink en beredeneer. Dit is egter nog nie in die binnekamer van ons hart nie. Vanaf die voorhof, ons verstand, is daar 'n ingang na die binneste, die heiligdom, waardeur ons dit wat ons verstaan as die waarheid kan inneem na ons harte toe. Hierdie ingang is geloof. Geloof is die toegang, van dit wat ons verstaan as die waarheid, na ons harte. Dit wat 'n mens glo, neem jy in jou hart op. Dan word dit daar bewaar deur die wil en dan verander my wil na God se wil toe. Nou woon God in my binneste, of in die heiligdom van my wese. God se Woord is dan vas in my hart, soos Sy wet in die ark was, en my siel roep uit: **Ps. 40:9** ***"U wet is binne-in my ingewande."***

Wanneer 'n mens sê: "Ek het my hart vir Jesus gegee", beteken dit egter dat jy geglo het wat die Woord jou leer aangaande Jesus en deur die geloof maak jy dit vas in jou hart. Jesus het nou beheer oorgeneem oor my hart. So wil Jesus dan ons harte met Sy Woord vul. En dit wat in ons harte is, het ons lief en dink gedurig daaraan en dit verskaf vir ons vreugde. Waar God se Woord is, is Hy self asook Sy krag. God verlang dat ons Sy Woord sal inneem en oordink en in geloof sal aanneem sodat Hy ryklik in ons kan woon. **Deut. 11:18** ***"Lê dan hierdie woorde van my weg in julle hart en in julle siel."*** Ons moet moei-te doen om die Woord van God te verstaan want wanneer ons dit verstaan sal dit maklik geglo word. Die Woord van God is soos saad wat gesaai word. Die saad moet in die grond bewaar word en tyd hê om te ontkiem. Net so moet die Woord in ons harte gedra word. Laat u hart die tempel wees vir God en Sy Woord en sy gedagtes en nie vir die wêreld nie.

Die Here vra van ons as Sy kinders om hierdie nuwejaar ons harte vir Hom beskikbaar te stel sodat Hy dit kan vul met Sy Woord. So wil Hy Sy werk met krag in ons volbring. Kom ons antwoord met die woorde in **Ps. 119:11** ***"Ek het u woord in my hart gebêre, dat ek teen U nie sal sondig nie."*** Al lyk dit moeilik om die Woord te verstaan, lees dit oor en oor en die Here belowe om dit aan ons harte te seën, maar ons moet dit eers in ons harte opneem. En so sal die Here deur die Heilige Gees dit in ons lewendig en kragtig maak.

**Ds. Wim Smith**
**Strand Gemeente**

*Aangename Kennis:*

# Ds. James Leyden

**In watter dorp/stad is u gebore?**
Sasolburg 1981

**Vertel ons iets uit u kinderdae.**
Jong ek was maar iemand wat altyd gesukkel het met Wiskunde en veral met my tafels.
Gereeld het ek by die huis gekom met 'n toets wat ek nie geslaag het nie.
Die laaste keer wat ek by die huis gekom het met so 'n toets, het my pa my gevat en 'n ordentlike pakslae gegee. Vandag onthou ek nog daardie pakslae asook my tafels.

**Waar het u skoolgegaan?**
Ek het graad 1 in Baberton begin.
In daardie jaar het die Here my pa geroep en ons is Kweekskool toe.
Laerskool verder was Jameson Park en toe Tini Vorster op Nigel.
Daarna Humansvlakte wat 'n plaasskool is buite Bothaville.
Hoërskool was dit by Bothaville Hoërskool.

**Gee vir ons 'n getuienis hoe u tot bekering gekom het.**
1998 Was daar 'n Paaskonferensie wat ons bygewoon het net buite Bloemfontein. Daardie Sondag oggend 12 April 1998 het die Prediker 'n boodskap gebring oor Lukas 15, die verlore Seun.

Daardie oggend het ek die voorreg gehad om die Here in my lewe te nooi, en daar het die Heilige Gees die werk van Wedergeboorte in my Gees gedoen.

**Wanneer het u by die E.G.K. aan-gesluit?**
Einde 2001 het ek lidmaat geword in Welkom Gemeente.

**Watter jare was u op kweekskool?**
2003 tot 2006

**Is van u klasmaats nog in die bediening?**
Ja net een, ds. Lewellen Ploos van Amstel

**Wie was u dosente?**
Dr Willie Kotze, Dr. Pieter Rousseau, Di. Rudi Beukes en Juan Mienie.

**Vertel ons 'n staaltjie of twee van u kweekskool dae.**
Ek was bevoorreg om in die groep te wees wat deel was van die Groot Trek, Jameson Park na Tiegerpoort waar die Kweekskool nou is.

Ons het bitter hard gewerk in daardie 2weke wat ons moes trek.
Sal nooit vergeet dat ons tot laat in die aand gewerk het en weer die volgende oggend moes 3 uur op en voortgaan nie.
Menigte male het student en dosente langs mekaar op die vloer gele met hul bene in die lug teen die muur dat daar net weer lewe in die bene kom.

**Hoe lank is u getroud?**
Ek en my Vrou Petra is al 16 jaar getroud.

**Hoeveel kinders het u?**
2 Dogters en 1 Seun:
Kayla is 14, Karla is 11 en James is 8

**Vertel ons hoe het u, u gade ontmoet.**
Die Here het my geroep in my Matriek jaar, so na skool is ek Glenvar (AEB se Bybelskool) toe. Daar het ek die pragtige Petra Lubbe ontmoet. Ons het elke dag 'n praktiese periode gehad waar sy bossies uitgetrek het en ek gras gesny het by haar. Ons het aan die gesels geraak en so het alles begin. Na Glenvar het ons begin uitgaan en is getroud in ons tweede jaar op kweekskool.

**Watter gemeentes het u bedien?**
My eerste Gemeente was Northam, daar het ons twee jaar en 7 maande die gemeente bedien.
Daarna was ons in Margate en het daardie gemeente bedien vir 9 jaar.
Tans bedien ons in Bethlehem gemeente vir bietjie meer as twee jaar.

**Het u 'n stokperdjie?**
Ek is 'n man wat hou van karre. So ek hou daarvan om aan hulle te werk of enige iets te doen met karre.

**Wat is u gunsteling dis?**
Ek was in Bothaville vir die meeste van my kinderjare, so 'n lekker stuk steak is altyd lekker.
Dan ook Beesstroganoff.

**Waar is u gunsteling vakansie plek?**
Ons was 9 jaar in die Suidkus, en dié sal altyd 'n plek in ons hart hê.

**Watter geestelike boek/e het 'n groot impak op u lewe gemaak?**
Fox's Book of Martyrs sal altyd een van my gunstelinge bly.
Enige boek van goeie behoudende manne soos bv. Andrew Murray, Finney, Spurgeon geniet ek altyd.





# Paasfees meer as net 'n tydjie van rus

Die Ou Testamentiese feeste was 'n direkte heenwysing na die Here Jesus se kruisiging wat op Paasfees sou gebeur en die uitstorting van die Heilige Gees op Pinkster. Paasfees was ingestel die aand net voor die volk Israel verlos was uit slawerny uit Egipte.

Hulle moes die aand 'n lam slag en die bloed smeer aan die deurposte van hulle woning en die lam geëet het. Dit moes hulle jaarliks doen om hulle te herinner aan die verlossing en aan die gemeenskap met God en mekaar. God het dit so bepaal dat Jesus die aand voor die Paasfees gevange geneem was en veroordeel was sodat Hy die Paaslam geword het.
Sy bloed het die versoening bewerk en Sy liggaam die straf vir die sonde gedra. Die Here Jesus het met die laaste Pasga net twee van die middele van die Pasga gebruik en toegepas op homself. Die brood wat gebreek word wat Sy liggaam wat verbrysel gaan word en die wyn wat Sy bloed wat gestort gaan word. Die sonde moes finaal mee gehandel word en net Jesus kon daarmee handel omdat Hy sonder sonde was.

Die sonde van die mens het op Jesus gekom en so moes Hy gely het vir die sonde. Dit was so erg dat die Vader Sy aangesig van Jesus weg gedraai het. Sy bloed was uit Sy liggaam uitgepers soos wat die sap van die druif uitgepers word. Die bloed is die enigste manier waarop God die sonde kon vergewe.
Wanneer 'n mens jou sonde besef en dit bely voor Jesus, dien Hy sy bloed aan ons harte toe wat ons sonde bedek maar nog meer wegneem. Die dag waarop die volk Israel, hulle verlossing uit Egipte gevier het, is die dag toe Jesus aan die kruis gesterf het. Die wêreld het baie ander betekenisse aan Paasfees gegee. Maar vir die weergebore mens is die betekenis baie duidelik, dit herinner ons aan wat Jesus vir ons gedoen het.

Deur dat ons Paasfees op die regte manier vier getuig ons aan die verlore wêreld van hierdie wonderlike lewe in Christus. Dit is 'n fees wat ons saam met ander kinder van God behoort te vier en nie saam met die wêreld nie.

Die wonder van alles is dat Jesus nie gesterf het en in die dood gebly het nie. Die Vader het uit Sy krag Jesus weer uit die dood lewend gemaak. Die dag na die Sabbat het Jesus uit die graf opgestaan. Hy het nie net die sonde oorwin nie, maar het die dood oorwin. Nou is daar volkome verlossing van die sonde en die dood. Die dood verwys na die ewigheid sonder God. Nou kan die mens wat weergebore is, vir ewig by God wees. Soos Jesus weer lewe gegee is, so gee God lewe aan elke mens wat sy sonde bely en vergifnis ontvang. Hierdie lewe is 'n lewe in Christus en maak van ons 'n nuwe skepsel. Dit gee ons die vermoë om kind van God genoem te word.

As u nie daardie sekerheid het of u gered is nie, wil ek by u pleit om die Here te vertrou om u die sekerheid te gee. Begin by die begin, was daar iewers in u verlede 'n dag of 'n oomblik wat u bewus geword het van u sonde. **Rom. 3:23** ***want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God,*** sê dat God se heerlikheid ontbreek a.g.v. die sonde. Die sonde in ons moet eers mee gehandel word. As u dan sou sê, maar ek doen nie sonde nie, dink weer oor die woorde in **Rom. 5:12** ***Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het***. Die vers verduidelik dit baie mooi dat ons sonde toestand kom van die sondeval af en dat elke mens gebore word in hierdie toestand. En as ons in die toestand bly gaan ons vir ewig verlore bly, soos **Rom. 6:23** ***Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here ,*** sê. Maar die vers sê ook dat ons die genade gawe van God kan ontvang en dit is die ewige lewe.

Die probleem is die sonde. Dit is die sonde wat ons verblind om dit nie raak te sien nie. Daarom waarsku die Woord van God ons gedurig daaroor. Die enigste wyse om gered te word van die oordeel oor die sonde is vergifnis by Jesus. Hy gee dit slegs op grond van Sy kruisdood waar Sy liggaam verbysel was en bloed gevloei het. Maar sonder die opstanding uit die dode was die werk onvolledig. Jesus het uit die dood opgestaan sodat daar vir ons nuwe lewe kan wees. Lees 1 Korinthiërs 15, dit sal u verduidelik wat die volle omgang van die evangelie is. Paulus sê ***"Broeders ek maak julle die evangelie bekend... dat Christus vir ons sondes gesterf het volgens die skrifte en dat Hy begrawe is, en dat Hy op die derde dag opgewek is volgens die skrifte;"*** **- 1 Kor. 15:1a, 3, 4.** Ek bid die Here se seën vir u toe vir hierdie Paasfees. Mag u Sy teenwoordigheid ervaar en u Hom sal verheerlik.



**Ds. Wim Smith**
**Strand Gemeente**

# SILWERJEUG BADPLAAS TOER: 1-8 MAART 2020

Op 1 Maart staan 'n groepie van ons by McDonalds Hatfield om opgelaai te word. Jy kan die opgewondenheid in die lug aanvoel. Almal gesels vrolik en groet toe die bus sy opwagting maak. Vrolike stemme weerklink uit die bus van mense wat reeds opgelaai is. Die bus is netjies en goed toegerus. Jeanette en Tinus ruil grappies uit en kort-kort hoor jy net die gekraai soos almal lag. Die meeste is grappe oor die ouderdom. Die 'oudeverdomp.' Die pille en brille stadium, die stadig opstaan, voete wat skuifel. Dis ons, en ons voel tuis. Andriëtte deel ewe vrolik verversings uit. Sjoe, ons het dit nie verwag nie.
Jippie! Toe ons die bestemming bereik! Almal wil net help. Die meer 'regop' mense staan reg om die ander te help. Wat 'n voorreg toe ons bagasie alles vir ons woonstelle toe gedra word. Ons word met hartlikheid ontvang en elkeen " oe en aa" oor die mooi ingerigte kamers. Die 3 maaltye per dag was groot bederf. Uit die boonste rakke. Annette trippel net rond om almal gelukkig te hou. Sy moet nog net vlerkies kry. Alles is so mooi gereël. As jy laat vir ete is, moet jy sing. Almal help sing as die note of woorde wegraak.

Elke oggend word 'n diens vertoon op TV. Ds Riko Scholtz van Logo Bybelskool Randfontein leer ons uit die boek Ester hoe God Sy bruid voorberei, soos Ester vir haar koning voorberei is. Ons word gewaarsku teen die sluwe Hamman in die wereld wat God se volk wil vermoor. En ons word uitgedaag om soos







Mordegai te weier om voor die wereld te buig. Die Halleluja liedjies neem ons ver terug na ons kinderdae.
Die bussie vertrek soggens na die luukse Hydro Spa. Daar is heelwat fikses en flukses wat sommer oorstap. Die warm water is soos manna uit die hemel. Oral weerklink die lag en gesels asof ons nog nooit gesels het hierdie jaar nie. Moenie vergeet van die lekker roomys, skons en cappuccino nie. Na etes geniet elkeen 'n heerlike middagslapie of raak net stil in die natuur onder 'n boom.
Maandagaand het ons 'n ken mekaar. Saam met musiek het elkeen staaltjies uit hul verlede vertel. Eric, reeds 95, het met groot vertoon vertel hoe hy as jong man van Engeland in SA sy tuiste gevind het. Dis so wonderlik om deel te kon hê aan almal se lief en leed. Ons liewe Sally het met heimwee vertel van Badplaas toer se ontstaan en jare se besoeke nog saam met haar geliefde Hennie. Ons het haar teenwoordigheid so waardeer. Sy se, dit is nou klaar.

Dinsdag besoek ons The Cradle of Life. Geleë op 'n Ametis kristal rif. Die eksotiese kat familie word hier in veilige bewaring versorg. Wit leeus, Bengaalse tiere, Puma bergleeu, en ander eksotiese katte. Big boy en Balula, die twee wit leeus het almal met groot verwondering aanskou. Die vreemdste name is aan die diere gegee soos Cleopatra die "Spotted Jaguar" en die silwer jakkalsie, heet Jakkalas. Interessant dat Whoopie die Hyena ook sorteer onder die kat familie.
Woensdag vaar ons op 'n Veerboot vlot op die Vygeboom dam. Die Bromberg en heuwels omring ons! Bromberg vernoem na die gerammel wat glo soms te hoor is agv die










vulkaniese rots riwwe daaronder waaruit die warm waterbronne ontspring. Wolke wat glashelder weerkaats uit die dam se spieel. Nog 'n volmaakte prentjie geskilder deur God se hand. Elke uitsig wat ons daarvandaan kon sien, getuig van groot genade. Ons was so bewus daarvan om nog oë te hê wat kan sien en dit te geniet. Wat 'n heerlike ontspanne uitstappie.
Donderdag onderneem ons 'n wild-rit deur die Forever Oord se wildsplaas. Danksy die lieflike reen is die veld groen en geil en die groot verskeidenheid wild spekvet en gesond. Die besondere mooi natuurskoon van hierdie omgewing laat ons in verwondering en met vol dankbare harte.

Die speletjies aande was groot pret. Om jou maat te soek deur geblinddoek in die vertrek te loop en die geluid van die betrokke dier te maak, het 'n Babelse verwarring veroorsaak. Die twee skape moes mê en honde moes blaf tussen die ander diere se geraas. Ongelukkig hoor party nie so mooi nie, en het bietjie lank gesoek na hul diere mater. Ai die ouderdom, dit bring sy eie moeilikheid. Om 'n hard gevriesde sjokolade vining met mes en vurk te sny, met handskoene en donkerbril en dan met die vurk te eet, was 'n ander uitdaging. Lag en aanmoediging het dit nog meer snaaks gemaak. Met Telefoontjie het die vreemdste woorde by die eindpunt uitgekom. As een van







die vrouens haar man se kop omtrent afdraai om by die oor te kom wat kan hoor, skater almal vir die snaaksigheid.
Vrydagaand se konsert was een van die hoogtepunte. Mense met lieflike stemme kon die Here loof met hul talente. Ons Hollandse dame, Annie, het ons verras met haar humor en pragtige voorlesings. Juffrou Rottermeier met haar Afrikaanse les item, was skreeusnaaks.
Die twee films wat ons gekyk het, The Overcomer en Ordinary People, het ons stof tot nadenke gegee oor ons eie lewenspad en lewensuitkyk.
Sondagoggend het ons vroeg gewoel om tasse gereed te kry. Almal kon groet met: "Ons sien julle weer volgende jaar" Ons was hartseer, want 'n week terug het ons as kennisse na Badplaas gekom. Nou gaan ons as vriende uitmekaar.
Baie dankie aan Annette en Andriëtte wat alles perfek georganiseer het, baie rondgehardloop het en met 'n glimlag ons elkeen met liefde omvou het.

**Mattie Rall**
**Pretoria-oos Gemeente**

Ns: Verseker nou reeds jou plek, of jou Silwerjeug ouers se plek op hierdie "op die hande dra" vakansie. 7-14 Maart 2021

# Kweekskool – 75 Jaar Herdenking

**Die hart wat reg moet klop**
Ds. Jurg Prinsloo, die prinsipaal, skryf in die Gedenkuitgawe 1945 – 2020 van die Kweekskool die volgende:
*"Die Seminarie van die Evangelies-Gereformeerde Kerk, waarna kortweg as die Kweekskool of Betshan verwys word, word heel tereg beskou as die hart van die Kerk. Indien ons die Bybelse beginsel, dat die hart meer bewaar moet word as enigiets anders (Spr. 4:23), bedink, dan is dit rede tot groot dankbaarheid dat God die EG Kweekskool bewaar en versorg het gedurende die driekwarteeu van sy bestaan.*
*Ongeveer 'n jaar na die stigting van die Kerk is die nypende tekort aan leraars aangespreek met die stigting van 'n eie kweekskool op 28 Februarie 1945. God het die Kerk deur die jare geseën met voorgangers wat die weg gebaan en die goeie stryd gestry het sodat ons vandag geseën is met 'n teologiese seminarie waar die waarheid onvervals onderrig word. Dit, primêr om verkondigers en 'wagters op die mure' op te lewer wat die evangelie suiwer en goed gegrond in die Woord uit te dra, en die 'hart' van die Kerk gesond te laat bly klop."*




**Die Wapen van die Kweekskool**

**28 Februarie 2020 – Eerstejaarskonsert**
Soos dit die gebruik is, word die eerstejaars nie ontsien nie en is die tradisionele eerstejaarskonsert op Vrydag, 28 Feb., by Betshan III aangebied. Die geleentheid was natuurlik deel van die Kweekskool se 75 jaar herdenkingsfees.
Die ouditorium was gepak met dosente, medestudente, familie en vriende van die eerstejaars en natuurlik lidmate van die EGK wat kom deel het aan die luisterryke geleentheid. Die program het bestaan uit 'n gewone bedryf en dan ook 'n geestelike bedryf.



**Die eerstejaars toon hulle talente**

Tydens die geleentheid was daar heerlik gesmul aan heerlike eetgoed en koeldrank, koffie en tee.
Die trotse groep eerstejaarstudente is by name: Nico-Dirk Buitendag, Zandre Eksteen, Fredrich Lombard, Sanel Myburg, Kobus Potgieter (en dogter Ninevé) en Barry en Wendy Scholtz.

**29 Februarie 2020 – 75 Jaar Feesdag**
29 Feb. – 'n Feesdag vir die Kweekskool waarby 75 jaar van Genade ook vir hulle aangebreek het! Van vroeg af was daar 'n geskarrel om alles in plek te kry vir al die eregaste, lidmate en vriende wat ook hierdie heuglike dag saam kom feesvier het. Die feesprogram is voorafgegaan deur heerlike samesyn om die koek-en-teetafels. Daar is selfs 'n spesiale besondere koek gebak vir die geleentheid met die wapen van die Kweekskool met bypassende leuse ***DRAER VAN LIG***.





**Die samesyn van die feesgangers**




**Die spesiale besondere koek**



**Die Kweekskoolkoor**

Na die verwelkoming deur die prinsipaal (ook programleier), ds. Jurg Prinsloo, is die feesgangers met koorsang deur die koor van die Kweekskool getrakteer. Hierna het verskeie gassprekers wedervaringe, staaltjies en geskiedkundige hoogtepunte met die feesgangers gedeel. Die sprekers wat opgetree het, was dr. Callie Fourie (em), ds. Bill Barkley (em), ds. Danie van Rensburg (em) en mev. Maryna Coetzee. Die feesvieringe is na die sing van Gesang 5, afgesluit met gebed deur ds. Gerhard de Wet.

Watter beter manier om die feesdag af te sluit met 'n voortreflike middagete (spitbraai en nagereg) waarna een van die dosente, ds. Daniël Brink, die feesgangers op 'n begeleide toer deur die Kweekskoolterrein geneem het.

**Gedenkuitgawe 1945 – 2020**
'n Kleurvolle Gedenkuitgawe van die Kweekskool is ook tydens die feesdag bekend gestel. Die uitgawe bevat onder meer boodskappe deur die prinsipaal en moderator, uiteensetting van die naam "Betshan", die datumspoor van af 1945 tot 2020, foto's van afgestudeerdes en ander fotoblaaie.




**Gedenkuitgawe 1945 - 2020**

Die Gedenkuitgawe is op bestelling verkrygbaar teen R100-00 per eksemplaar. Plaas gerus u bestellings per e-pos by die volgende e-posadres: egkweekskool@gmail.com. Onthou om bewys van EFT betaling aan te heg met u naam en van as verwysing.
Die bankbesonderhede van die Kweekskool is as volg:
EGK Kweekskool – FNB Takkode 250054, Rekeningnommer 5244 3626 258

**Dankwoord**
*"Ons dank God vir die jare waarin talle geroepenes opgelei is – Hy het deur die Kweekskool se insette aan geroepenes die platform gebied om die evangelie onvervals te verkondig. Die Kweekskool wil steeds die voedingsbron van die EGKSA se leraars en geestelike werkers wees en bly, tot op die dag van die Groot Herder van die kudde se wederkoms."*




**Die voltydse doserende personeel van die Kweekskool is ds. Jurg Prinsloo (prinsipaal), ds. Gerhard de Wet (viseprinsipaal), ds. Daniël Brink en ds. Wimpie Snyders.**